HOOP EN HERSTEL VIR STUKKENDE MENSE
DEEL 7+8
20 November 2005
Ds Freddie Schoeman

Vandag kom ons by die twee laaste beginsels / dimensies van hoop en herstel. Kom ons gaan kyk na die pad wat ons tot dusver geloop het:

Eerstens: **Jy kan nie self nie.** Ons moet by die punt kom dat ons besef ons kan nie alleen ons eie lewe herstel nie – slegs God kan dit doen en ons is afhanklik van hom. (Gaan lees enige self-help boek en jy sal presies die teenoorgestelde vind.) Maar hier is die waarheid: jy kan *nie* self nie. Dit is onmoontlik. Jy het God se hulp nodig. Voordat jy dit nie besef en erken nie, is herstel nie moontlik nie.

Geseënd is die wat weet hoe afhanklik hulle van God is

Tweedens: **God kan en Hy wil.** Dis nie sleg om van God afhanklik te wees nie – want Hy is 'n liefdevolle God wat kan én wil help. (Storie van ds. wat 'n lidmaat vra om in die kerk te bid wat nog nooit tevore gebid het nie en baie op sy senuwees was – hy het gereken hy kan nie in die openbaar bid nie al wil hy hoe graag. Die ds het net besluit: As dit jou beurt is dit jou beurt! Toe dit tyd word om te bid kom die volgende woorde: "Here, ek wil graag bid, maar ek kan nie. Die ds. kan bid maar hy wil nie. Werk met Hom!") Wel, die Here kan en hy wil lewens regmaak het herstel want Hy is lief vir ons. Ons maak vir Hom saak.

Geseënd is die wat treur want hulle sal vertroos word.
(Die Here sien jou trane raak!)

Derdens: **Gee beheer oor aan God.** Gee jou lewe bewustelik oor aan God se beheer. Laat Hom toe om met jou en in jou te werk! As ons wil h ê dat die Here ons sal herstel moet ons ons lewens in sy hande oorgee. (As ons iets het wat stukkend is – 'n huishoudelik toestel bv. – en ons kan die nie self regmaak nie, dan moet ons dit iewers gaan ingee. Dit help nie ons hou dit by ons en dink dit gaan vanself regkom nie. Ons moet daardie mense vertrou.) Net so moet ons God vertrou met ons lewens en die beheer van ons lewens aan Hom oorgee.

Geseënd is die sagmoediges

Vierdens: **Bely jou seerkry en sonde.** Die volgende stap is dan dat ons grondige selfondersoek sal gaan doen. Ons sal moet gaan kyk na wat verkeerd is. Ons sal ons seerkry en ons sonde moet identifiseer en dit dan voor God en iemand anders gaan bely.

Geseën is die wat rein van hart is

Vyfdens: **Laat God jou verander**. Hierdie beginsel / dimensie is waar die vernuwingsproses in alles erns begin – ons moet nou ons onderwerp aan die veranderings wat die Here in ons lewens wil bewerkstellig. Dis moeilik want ons is vasgevang in gewoontes en lewenspatrone wat oor jare strek en waarin ons verstrengel geraak het. Maar ons het gesien as jy fokus op 'n paar sake dan sal die Here jou heelmaak en nuutmaak.

Geseënd is die wat honger en dors van wat reg is

Sesdens: **Herstel jou verhoudings.** Verlede week het ons gesien hoe die Here ons help om ons verhoudings heel te maak – daardie verhoudings wat skade gely het as gevolg van dit wat ons gedoen het en as gevolg van dit wat aan ons gedoen is. Dis nie altyd maklik nie – maar ons kan dikwels op 'n manier opmaak vir dit wat gebeur het. Vergifnis is nie altyd maklik nie, maar dis noodsaaklik vir herstel.

Geseënd is die vredemakers

Sewende: **Leef naby aan God.** Die herstelproses is moeilik en veeleisend. Dit is nodig dat ons elke dag, selfs elke minuut, krag by God moet kry om dit te kan doen. Ons gaan vanoggend kyk hoe ons dit kan doen.

Agtste: **Word 'n instrument.** Laat toe dat God jou seerkry en jou stukkendheid gebruik om hoop en herstel ook vir ander te bring.

Geseënd is die wat barmhartig is.

7 *Geseënd is dié wat barmhartig is, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word.* (Matt 5:7)

Dis maklik om terug te val in ou patrone en gewoontes. Die proses van herstel is nie net een rigting nie. Dikwels is dit twee tree vorentoe en een tree terug. 'n Grafiek wat opgaan en afgaan. Hoe kan ons volhou ten spyte van terugslae en teleurstellings?

Die beginsel is vervat in die woorde van Jesus in die tuin van Getsemane:

38 Julle moet waak en bid, sodat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is wel gewillig, maar die vlees is swak." (Markus 14:38)

Elke dag tyd opsy sit om in die teenwoordigheid van die Here na jou dag te kyk, dit te evalueer en toe te laat dat die Here jou krag gee.

Wat doen jy in hierdie daaglikse tyd saam met die Here?

1. Fokus op die teenwoordigheid van die Here. Plaas jouself bewustelik in die teenwoordigheid van die Here

2. Dank die Here vir die dag. Gaan in jou gedagtes deur die dag en soek vir geleenthede waar jy die genade van die Here op 'n spesiale manier gesien of ervaar het. Selfs al was dit 'n slegte dag! Dank die Here vir tien dinge – en dit moet nie elke dag dieselfde tien dinge wees nie.

3. Vra die Heilige Gees se werking in jou lewe. Dat Hy jou bewus sal maak van dinge in jou lewe wat nie reg is nie en wat skadelik is.

4. Evalueer jou dag.

- Kyk na elke gebeurtenis (konteks, oorsaak / gevolg)
- Wat was jou rol? (aktief / passief; jou optrede / woorde)
- Wat was jou motiewe? (wou jy iemand seermaak / terugkry? Was jy selfsugtig / onselfsugtig? Wou jy bou / afbreek?)
- Wat was jou gevoelens? (Woede? Waar kom dit vandaan? Hartseer? Pyn?)
- Watter rol het jou gewoontes gespeel?

5. Sluit af

- Bely
- Vra hulp

Laaste beginsel / dimensie: **Word 'n instrument in God se hand**

Hoekom laat God toe dat slegte dinge met ons gebeur?

1. Vrye wil

Dis deel van ons menswees. Dis hoe God ons gemaak het. As ons robotte was, dan was ons nie meer mense nie.

God wil ons nie dwing om vir Hom te kies nie. Dit moet uit ons hart uit kom – nie uit dwang of vrees nie. Ons kan Hom verwerp. Baie mense doen dit. Dit maak God seer. Tog sal God nooit mense dwing om Hom te dien nie.

Gevolg is dat ons dus soms dom keuses maak. Ons oefen ons vrye wil op skadelik maniere uit. Ons doen skade aan onsself en ander.

'n Tweede gevolg is dat ons die slagoffers is van ander se slegte keuses. Ander maak ons seer en ons ly skade as gevolg van ander se keuses.

2. Hy gebruik dit om ons aandag te kry

Pyn is 'n alarm – dit waarsku ons dat daar iets verkeerd is. Jou pyn kom in baie vorms: depressie, slegte gewoontes, verslawings, vrese. Dit is nie jou probleem nie. Dit is alarms om te sê: Daar is iets anders / diepers wat verkeerd is. "Pynstillers" is dus nie die antwoord nie – ons moet dieper gaan soek.

Pyn is nie altyd sleg nie – dit waarsku ons. Deur middel van pyn sê die Here vir ons: Word wakker! Iets is verkeerd. Doen iets daaraan!

3. Hy leer ons om op Hom te vertrou

[8] Ons wil hê, broers, dat julle moet weet van die moeilikhede wat ons in die provinsie Asië ondervind het. Die swaar wat ons moes verduur, het ver bo ons kragte gegaan, sodat ons selfs die hoop om te bly lewe, laat vaar het. [9] Trouens, dit het vir ons gevoel asof die doodvonnis klaar oor ons uitgespreek is. Maar dit het gebeur, sodat ons nie op onsself sou vertrou nie, maar op God wat die dooies opwek tot die lewe. (2 Kor 1:8-9)

Dis eers wanneer jy alles verloor het en slegs God oorhet, dat jy besef dat God al is wat jy nodig het!

Ons het maar altyd die geneigdheid om op onsself te vertrou – ons ons oog van Jesus af te haal (vgl Petrus en Jesus op die water)

4. Hy wil ons pyn gebruik om ander mense heel te maak

[4] In elke moeilikheid bemoedig Hy ons. Daarom kan ons weer ander bemoedig wat in allerlei moeilikhede verkeer. Ons kan hulle bemoedig met dieselfde bemoediging waarmee God ons bemoedig, ... (2 Kor 1:4)

Ek kan nie werklik mense se pyn verstaan tensy ek nie iets soortgelyk beleef het nie.

Storie van Josef

[20] Julle wou my kwaad aandoen, maar God wou daarmee goed doen: Hy het gesorg dat 'n groot volk nou in die lewe gebly het. (Gen 50:20)

HOE?

Maak 'n lys van jou ervarings. Vra vir jouself: Wat was my belewenis / gevoelens? Hoe het ek dit hanteer? Hoe en waar het ek hulp gekry? Wie was die rolspelers? Hoe het die Here my gehelp?

Skryf jou storie uit. Ons gedagtes het die geneigdheid om deurmekaar en ongeordend te wees. Dis eers wanneer ons dit op papier sit dat ons dit kan begin orden so dat dit vir iemand ander nut het.

Deel jou storie met ander.

- Wees nederig
- Wees opreg / openlik
- Moenie preek nie

Raak betrokke by 'n bediening / ondersteuningsgroep (Begin selfs 'n bediening!!)